higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
(Tweede Vraestel)
**NKR VLAK 2**

(4101042)

**16 November 2018 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 1 bylae.**

.

**TYD: 3 UUR**
**PUNTE: 60**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

**LET WEL**: Indien jy meer as die vereiste aantal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste aantal nagesien word. ALLE werk wat jy nie wil laat nasien nie, moet duidelik deurgehaal word.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: LANG FUNKSIONELE SKRYFWERK
   AFDELING B: KORT FUNKSIONELE SKRYFWERK
   AFDELING C: VISUELE TEKSTE

2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Jy moet beplan (bv. 'n kopkaart, vloeidiagram, sleutelwoorde, ens.), redigeer en jou skryfstukke proeflees. Die beplanning moet VOOR die skryfstuk wees. ALLE beplanning moet duidelik aangedui word.

6. Trek 'n streep deur die beplanning as jy jou finale weergawe klaar oorgeskryf het.

7. Laat 'n reël oop tussen elke antwoord.

8. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

9. Let op na die puntetoekenning by elke vraag.

10. Beplan jou tyd.

11. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: LANGER FUNKSIONELE SKRYFWERK

### VRAAG 1: NAVRAAGBRIEF

**SITUASIE**

Die Skiereilandse Skoolvoedingsvereniging het jou gevra om die jaarlikse pretloop Blasies-vir-Brood te reël. Die pretloop word elke jaar in Brackenfell gehou om fondse in te samel om honger skoolkinders te voed. Dit vind elke jaar op Erfenisdag, 24 September, plaas.

Die pretloop word in drie kategorieë verdeel: 'n 2 km-roete vir laerskoolkinders (5–7 jr), 'n 5 km-roete (8–13 jr) en 'n 10 km-roete (14–19 jr). Inskrywings kos R10,00 per deelnemer. Daar is ook 'n borgvorm sodat ouers, familie en vriende leerders per kilometer kan borg.

**OPDRAG**

Skryf 'n brief van 120–150 woorde aan:
Meneer Theo Bekker, die bestuurder van Checkers in Tygervallei, waarin jy vra dat die firma die pretloop borg.

Hou die volgende in gedagte:

- Dit is 'n formele brief en word op 'n briefhoof geskryf (ontwerp jou eie).
- Verskaf alle moontlike inligting oor die doel, aard en roete van die wedloop.
- Gee wenke oor die vorm van die borgskap bv. geldpryse/medaljes vir die wenners in elke kategorie, T-hemde, sonhoedjies, water vir die waterpunte, ens.
- Noem ook watter voordeel die maatskappy uit hierdie borgskap kan trek.
- Onthou om met 'n welwillendheidsparagraaf af te sluit.

[Bron*: Illustrasie Konka Kagiso 2002*] **[30]**

**ÓF**

**VRAAG 2: ANTWOORD OP NAVRAAGBRIEF**

**SITUASIE**
Stel jou voor jy is meneer Bekker van die Checkers-tak in Tygervallei wat die navraag (VRAAG 1) ontvang het.

**OPDRAG**
Skryf 'n brief van 120–150 woorde waain jy die versoek op 'n taktvolle wyse weier. Gee 'n aanvaarbare rede vir jou weiering, bv. dat die pretloop nie binne die tak se marksegment val nie.


Onthou die volgende:
- Dit is 'n formele brief en word op 'n briefhoof geskryf (ontwerp jou eie).
- Bou welwillendheid – spreek waardering vir die navraag uit.
- Weier die versoek op 'n taktvolle wyse en verskaf 'n billike rede.
- Stel 'n alternatief voor.
- Verskaf kontakbesonderhede van moontlike hulpverleners.
- Verseker navraer van toekomstige goeie diens/ondersteuning.

**[30]**

**ÓF**

**VRAAG 3: NAVORSINGSVERSLAG**

**SITUASIE**
Die voorsitter van die Skiereilandse Skoolvoedingsvereniging (meneer Johan Hansen) het gevra dat jy vir hulle navorsing moet doen oor watter kategorie se deelname aan die pretloop Blasies-vir-Brood die hoogste was om sodoende beter te kan beplan vir toepaslike pryse in die toekoms. Jou ondersoek het die volgende opgelewer:

| | |
|---|---|
| 1. 8–13 jr: 30%<br>2. 5–7 jr: 15%<br>3. 14–19 jr: 55% |  |

**OPDRAG**

Skryf 'n formele verslag van 120–150 woorde waarin jy bevindinge en gevolgtrekkings duidelik uiteensit. Gebruik die inskrywingsvorms asook waarneming tydens die aanvang van die wedloop.

Gebruik die volgende formaat vir jou verslag:

- Persoon wat aangespreek word
- Titel van die verslag
- Inleiding (Opdrag en rede vir die opdrag)
- Prosedure
- Bevindings
- Gevolgtrekkings
- Slot (Aanbevelings) **[30]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**


**AFDELING B: KORT FUNKSIONELE SKRYFWERK**

Beantwoord EEN vraag uit AFDELING B.

**VRAAG 4: INSTRUKSIES**

**SITUASIE**

Jy het heelwat vrywilligers wat gaan help om die roetes en waterpunte vir die Blasies-vir Brood-pretloop te beheer. Bestudeer die roetekaart hier onder. Dit is die 10 km-roete vir 14–19 jariges. Almal begin om 08:00 by die Laerskool Brackenfell se rugbyveld en eindig weer daar.




[Bron: Eie verwerking *Google* 2017]

**OPDRAG**
Gebruik die roetekaart as riglyn en skryf die roete-aanwysings (50–60 woorde) neer. Noem die strate, ten minste 3 bakens en die waterpunte.

Hou die volgende in gedagte:

- Instruksies word altyd in bevelsvorm gegee.
- Skryf in volsinne.
- Maak seker jou proses is in logiese volgorde. **[20]**

**VRAAG 5: BESKRYWING**

**SITUASIE**
Verbeel jou jy het pas aan die 10 km-pretloop, Blasies-vir-Brood deelgeneem. Aangesien jy nie eintlik fiks is nie, het hierdie pretloop sy tol geëis.

**OPDRAG**
Beskryf hierdie ervaring in 80–100 woorde. Sê presies hoe jou lyf en voete gevoel het. Beskryf ook die emosies wat jy tydens die pretloop ervaar het.

Volg hierdie proses om jou ervaring neer te skryf:

- Maak 'n kopkaart/breinkaart met die titel in die middel en rangskik jou idees rondom die titel.
- Die eerste sin is belangrik want dit stel jou onderwerp bekend.
- Die ander sinne moet logies op mekaar volg.
- Gebruik verbindingswoorde soos want, daarom, maar, aangesien, ens.
- Let op na die sinskonstruksie, leestekens en spelling. **[20]**

**ÓF**

**VRAAG 6: UITNODIGING PER E-POS**

**SITUASIE**
Elke jaar vind die Blasies-vir-Brood-pretloop in Brackenfell plaas. Skoolkinders van 5–19 jaar kan daaraan deelneem. Die pretloop word in drie kategorieë verdeel. Almal kom om 07:00 by die Laerskool Brackenfell se sportgronde bymekaar waar hulle toegespreek word en onder andere hul T-hempies ontvang.

**OPDRAG**
Rig 'n uitnodiging van 80–100 woorde, per e-pos aan die burgermeester van Kaapstad, me. Santjie Govender, om die verrigtinge te open. Gebruik die e-posadres Meet-the-mayor@kaapstad.gov.za. Maak gebruik van die e-postemplaat op BYLAE A.

Onthou die volgende:
- Bou welwillendeheid – verduidelik waarom me. Govender die ideale persoon vir die geleentheid is.
- Verskaf inligting oor die geleentheid: die doel, datum, tyd en plek.
- Verskaf inligting oor die deelnemers soos opvoedingsvlak, ouderdomme, geslag, ens.
- Dui aan hoe lank die toespraak moet duur, bv. 10 minute.

Onthou om die BYLAE saam met jou ANTWOORDBOEK in te gee **[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

## AFDELING C: VISUELE TEKSTE

### VRAAG 7: DIALOOG

**SITUASIE**
Die volgende spotprent beeld 'n gesprek uit tussen jou en jou vriend Willem. Jy en Willem het besluit om aan die Blasies-vir-Brood-pretloop deel te neem. Julle kan baie geld insamel as jule net die pretloop voltooi. Willem het egter nie goed voorberei vir die pretloop nie en wil opgee.




[Bron: Eie verwerking *Google* 2017]

**OPDRAG**
Skryf die gesprek van 80–100 woorde tussen julle neer waarin jy hom aanmoedig. Gebruik jou eie naam. Jy kan so begin:

Jy *(ergelik):* Kom nou, Willem ou maat, ...
Willem *(moedeloos)*: ...

Jy kan die teks in die prent as jou slotsin gebruik. **[10]**

Onthou die volgende:
- 'n Dialoog word in die direkte rede geskryf.
- Geen aanhalingstekens word gebruik nie.
- Laat 'n reël oop tussen elke spreker.
- Toon sover moontlik die stemming van die spreker aan *(kursief).*

**ÓF**

**VRAAG 8: PLAKKAAT**

**SITUASIE**
As organiseerder van die Blasies-vir Brood-pretloop is een van jou belangrikste pligte om die wedloop te adverteer en te sorg dat soveel moontlik deelnemers opdaag.

**OPDRAG**
Ontwerp 'n plakkaat om die pretloop te adverteer wat jy op strategiese plekke in die dorp kan opplak.

Onthou die volgende:
- Gebruik die ABBA-beginsel.
- Die titel moet dadelik die aandag trek.
- Die pretloop vind plaas om geld in te samel vir behoeftige (honger) kinders.
- Deelnemers moet aangemoedig word om deel te neem.
- Verskaf alle belangrike inligting, bv. plek, datum, tyd.
- Gebruik verskillende lettertipes en -groottes.

**[10]**

**ÓF**

**VRAAG 9: INSKRYWINGSVORM**

**SITUASIE**
As organiseerder van die Blasies-vir-Brood-pretloop is jy ook verantwoordelik om inskrywingsvorms aan die leerlinge beskikbaar te stel.

**OPDRAG**
Ontwerp 'n inskrywingsvorm. Maak seker dat alle relevante inligting deur die inskrywingsvorm oorgedra word.

- Naam van die pretloop.
- Plek, waar, wanneer, hoe laat dit plaasvind.
- Deelnemer se naam, van en ouderdom.
- Kategorie waarin die deelnemer gaan meeding.
- Kontaknommer vir navrae.

**[10]**

| | |
|---|---|
| **TOTAAL AFDELING C:** | **10** |
| **GROOTTOTAAL:** | **60** |

Kopiereg voorbehou

**BYLAE A** **EKSAMENNOMMER:**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

**• Untitled Message • Message [Rich Text]** _ ☐ X

**FILE EDIT VIEW INSERT FORMAT TOOLS ACTIONS HELP**

**Send** | **! ↓** | **Options** | » v | **Arial** v | » v

| | |
|---|---|
| **To ... (Aan)** | |
| **Cc ...** | |
| **Subject** (Onderwerp) | |